Teksgedeelte: Psalm 124

Teksvers: Psalm 124:8

Tema: Jesus Christus is jou hulp. Lewe hierdie verklaring in die erediens van jou lewe!

"Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde gemaak het." Dit is woorde wat aan elkeen van ons darem maar baie bekend is. Ons hoor dit gereeld (as jy gereeld in `n tradisionele erediens is) en baie van ons ken hierdie woorde al van kleintyd af. Soveel só dat ons bykans kan wonder oor of ons nog werklik die rykdom en betekenis van hierdie woorde verstaan. Ons begin ons eredienste met hierdie votum, hierdie verklaring, maar besef ons werklik wat hierdie verklaring beteken?

Vir ons is dit bloot woorde waarmee ons ons eredienste gereeld begin, maar vir die Israeliete van ouds was hierdie woorde `n verklaring met ontsettende diepte wat gelooflike vertroue op die Here verwoord het. Hierdie vertroue op die Here word duidelik deurdat Dawid elke keer eers die Here aanroep en dan sê wat gebeur het en wat Hy gedoen het. Luister maar weer na verse 1 en 2. Elke keer sê Dawid "As die Here..." en dan volg wat Hy gedoen het.

Dan gaan Dawid en hy sê hoe heeltemal misrabel en hulpeloos die volk sou gewees het sonder die Here. Daar sou nie `n manier gewees het waarop die volk sou kon leef en bestaan het as dit nie was dat die Here hulle gehelp en gered het nie. In die tyd wat Dawid koning was, was daar gereeld aanvalle op die land gewees en as mens Konings en Kronieke gaan lees, hoor mens van al die veldslae en oorloë waarin Israel gewikkel was en hoe ontsettend afhanklik hulle van die Here was in elke veldslag waarvoor hulle opgetrek het.

Sien, hierdie Psalm is `n pelgrimslied. Dit is `n lied wat die volk gesing het elke keer wat hulle na Jerusalem toe teruggaan en wanneer hulle uit Jerusalem uitgaan. Dit was nie leë woorde vir die volk nie, maar `n lied waarin hulle erken en bely het dat dit die Here – die God van die verbond is – wat hulle red, beskerm en veilig hou. Dit is `n lied wat sing van vertroue op die lewenspad waarop die Israeliete geloop het.

Daarom dat hierdie woorde van vers 8 só gesê word dat dit `n vaste waarheid is wat vir alle tye en plekke geld. Dit is `n waarheid wat niemand kan ontken nie en wat elke Israeliet kon saamsing en as verklaring gebruik, maak nie saak waar en wanneer hy of sy dit sou sing nie. Tog gaan hierdie lied nie in die eerste plek oor die hulp wat hulle van die Here ontvang het nie, maar dit gaan oor die Here! Hierdie lied fokus uit-en-uit op die Persoon van God en dan op wat God doen!

Hierdie Psalm wat ons so maklik gebruik om bloot ons erediens mee te begin, gaan dus in die eerste plek oor die God wat in `n verhouding met ons as mense kom staan, dan oor die hulp wat Hy gee en hierdie hulp is nie net vir ons eredienste as

gemeente nie, maar in die eerste plek vir die erediens van die lewe waarin elkeen van ons elke dag staan.

Wanneer ons hoor dat hierdie Psalm vir die Israeliete oor die God van die verbond gegaan het, kan ons dadelik na hierdie Psalm kyk en weet dat ons ook hierin nader gebring word aan Christus. Ons word nader gebring deurdat ons weet dat Christus ons weer in `n verhouding met God gebring het deurdat Hy die nuwe verbond ingelui het. Hy het die verhouding tussen God en ons kom herstel wat deur die sonde gebreek was.

Luister hoe mooi leer Galasiërs 3:26-29 dit aan ons: *"Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword. Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één. En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God."*

Juis hierin hoor ons dan ook die hulp wat Christus vir ons gegee het. Hulp, wat ons nie eerstens wys op die klein probleme wat ons elke dag beleef nie, maar hulp wat ons wys na die ewigheidsprobleme van totale verlorenheid weens die sonde en die dood. Só misrabel en hulpeloos as wat die Israeliete sonder God was, soveel te meer was ons misrabel en hulpeloos voordat Christus aan die kruis en deur die graf die sonde en die dood oorwin het. Só misrabel en hulpeloos was ons voordat Christus aan ons die Heilige Gees gegee het wat Here is lewend maak.

Daarom, wanneer ons hierdie Psalm – en ook ander Psalms – op `n Sondag gebruik as "votum" verklaar ons daarmee Wie ons Hulp is, hoe Hy ons gehelp het en dat Hy ons Hulp is, elke dag van ons lewe, maak nie saak watter tyd van die dag dit is nie en maak nie saak waar ons is nie.

In beginsel moet elke deel van ons liturgie op `n Sondag iets van die ritme van ons alledaagse lewe weerspieël. Wanneer ons dus op `n Sondag die erediens begin met hierdie verklaring Wie ons hulp is en in Wie se Naam ons bymekaar is, sê ons daarmee dat ons elke dag in die kragveld van Heilige Gees leef, dat Jesus Christus ons verhouding met God kom herstel het en dat ons enigste hulp werklik in Sy naam is.

Kom ons sit dan nou ons erediens voort deur te sê in Wie se naam ons hier bymekaar is: "Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde gemaak het."

Amen